



Na-doodse skenkings: wees ingelig

'n Na-doodse of *mortis causa*-skenking word gemaak wanneer 'n persoon met 'n ernstige siektetoestand en sy of haar naderende dood vrees, persoonlike goedere aan 'n ander persoon bemaak in geval van sterfte. Skenkings wat gemaak word met dood as 'n oorweging (*mortis causa*) is belastingvry, maar is onderworpe aan boedelbelasting teen 'n koers van 20%.

Wanneer 'n algemene skenking gemaak word en die ontvanger trek geen voordeel uit die sterfte van die skenker nie, is geen skenkingsbelasting betaalbaar nie; maar soos met na-doodse skenkings is boedelbelasting wel betaalbaar.

'n Duidelike skeidslyn

'n *Mortis causa*-skenking kan ook in die teenwoordigheid van enige ander dreigende gevaar van dood gemaak word. Dit verskil van 'n *inter vivos* skenking in die sin dat dit nie absoluut is nie, maar eerder voorwaardelik. Dit is met ander woorde net geldig indien die skenker nie van sy siekte herstel nie, of nie die gevaar vryspring nie. Dit is ook net geldig as die skenker dit nie kan herroep nie. Die oordrag word dus slegs gestand gedoen wanneer die dood intree. Die gevaar wat as rede vir die skenking aangevoer word, moet wesenlik teenwoordig wees. 'n Oordrag van 'n eienaar wat nie beangs is oor 'n werklike gevaar nie, maar slegs sy eie dood oorweeg, kan nie as 'n *mortis causa* skenking oorweeg word nie.

Die tamentejie van eiendom

Oordrag van vaste eiendom kan nie as 'n vorm van dié soort skenking gedoen word nie. Enige na-doodse skenking wat al die skenker se eiendom omvat, is nie onwettig nie, maar word geag as 'n poging om die aanspreeklikheid van enige verpligtings wat teen sy of haar boedel ingedien word te ontwyk, insluitende diegene wat van die staat afhanklik is.

Die aanwas van die boedel van 'n oorlede gade word bepaal voordat effek gegee word aan enige testamentêre bemaking, na-doodse skenking of erfopvolging ingevolge die Wet op Intestate Erfopvolging.

Soos voorheen genoem is *mortis causa*-skenkings vrygestel van skenkingsbelasting met betrekking tot die bestaande status van wetgewing in ons belastingwetgewing wat weerspieël word in artikel 56 (1) (d) van die wet op Inkomstebelasting. Hierdie wet bepaal dat die ontvanger van die skenking nie enige voordeel uit die skenking mag ontvang tot die dood van die skenker nie.

Waar word die streep getrek?

Die vraag is dus in watter geval, anders as by *mortis causa* skenkings – want dit word spesiaal vrygestel onder Artikel 56(1) – is dit die bedoeling dat die vrystelling wel van toepassing sal wees?

'n Baie interessante geval is *Ex Parte Oosthuizen 1964 (1) SA 174(O)* waar die eggenoot, afgesien van ander items, ook 'n erfopvolgklausule tot hulle huweliksvoorwaardekontrak byvoeg (176): Die genoemde Frederik Johannes Oosthuizen het verklaar dat hy ter wille van die voorgename huwelik aan die genoemde André Steinberg (gebore Roode) die volgende skenkings doen: (i) As 'n "*donatio mortis causa*" ('n skenking ter sake des doods) 'n lewenslange vruggebruik oor een onverdeelde helfte van die volgende eiendomme: . . ."

Die hof het tot die slotsom gekom dat, hoewel die woorde *donatio mortis causa* spesifiek in die huwelikskontrak genoem word, die erflating nie 'n na-doodse skenking was nie, maar slegs 'n geskenk met die huwelik as 'n oorweging. Die woorde *donatio mortis causa* toon slegs aan wanneer die geskenk oorhandig moet word, naamlik ná die dood van die skenker.

Die gevalle waar *donatio mortis causa* wel van toepassing is, blyk te wees waar die skenker 'n kontrak aangaan om eiendom onherroepelik aan 'n begunstigde of 'n trustee tot voordeel van 'n begunstigde te bemaak, waar die transaksie ophef word by die dood van die skenker of daarna. Dit beteken dat die oordrag van die eiendom of enige geldelike voordeel, profyt of wins daaruit, nie voor die dood van die skenker mag plaasvind nie.

Lesley Maman
FISA lid en Bestuursvennoot
Maman Prokureurs

